HOËRSKOOL RANDBURG

18 Mei 2022

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NO.15 VAN 2022

Geagte Ouers/Voogde

Formele Toetsreeks vir Mei/Junie 2022: Graad 8 – Graad 12

1. Die Formele Toetsreeks begin op die volgende datums:

GRAAD	DATUM	
12	Maandag, 23 Mei	Blokdag – Leerders bly tuis
	Dinsdag, 24 Mei	Eksamen begin
10 & 11	Maandag, 23 Mei en Dinsdag, 24 Mei	Verpligte skooldae
	Woensdag, 25 Mei	Blokdag – Leerders bly tuis
	Donderdag, 26 Mei	Eksamen begin
8 & 9	Week van 23 Mei tot 27 Mei	Verpligte skooldae
	Maandag, 30 Mei	Eksamen begin

Formele Toetsreeksrooster is reeds op 26 April op D6 geplaas.

2. **Die verloop van die Formele Toetsreeks**
   - Die leerders studeer tuis en kom slegs skool toe op die dag waarop hulle toets skryf. Leerlinge verdaag na afloop van elke vraestel. Sien die toetsrooster vir tyd geallokeer per vraestel.
   - **Sessietye**

Sessie	Graad 8 - 12	
1	07:30	Open op paviljoen
	07:45	Leerders verdaag na toetslokaal.
	08:00	Leerders loop in toetslokaal in.
	08:15	Vraestelle word uitgedeel.
	08:20	Leestyd.
	08:30	Toets begin.

3. **Konsessies**
   Ekstra tyd en amanuenses word slegs vir leerders aan wie **dit reeds toegestaan** is, toegeken.
   Ekstratydlokaal is in T13 (Gr. 8-11). Graad 12 ekstratydleerlinge skryf saam met die groep in die saal. Vir enige navrae kontak Me. N Mouton by die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

4. **Afwesighede en laat kom gedurende die toetsreeks**
   4.1 'n Mediese sertifikaat is verpligtend met 'n geldige rede en moet by die SAU ingehandig word, **voordat hy/sy** die volgende vak skryf. Indien 'n leerder 'n toets mis sonder 'n doktersbrief sal hy/sy geen punte vir die vraestel ontvang nie. Briewe van ouers word nie as 'n geldige verskoning gesien nie.
   4.2 Indien 'n leerder laat / afwesig vir 'n toets weens onvoorsiene omstandigheide is, moet die ouers die skool in kennis stel voor aanvang van die vraestel.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

5. **Algemene reëls en dissiplinêre kodes**

Daar word van die leerders verwag om stiptelik by die onderstaande reëls en dissiplinêre kodes tydens eksamensessies te hou.

- Die eksamenreëlings soos uiteengesit in dié omsendskrywe.
- Leerders daag slegs op met nodige skryfbehoeftes / tekenapparaat in 'n **deurskynende sakkie**. Geen tasse nie.
- Die **skoolreëls t.o.v. voorkoms (kleredrag, haarstyle, skeer, rook, ens.)** moet nagekom word.
- Geen artikels soos "walkmans", **selfone, horlosiefone,** radio's, "gameboys", "i-pods" en "mp3"-spelers met oorfone sal toegelaat word nie.
- Geen leerders sal toegelaat word om die klasse gedurende die toetssessie te ontwrig nie.
- Geen leerder sal toegelaat **word om enige skryfbehoeftes te leen nie**.
- Geen eet- of drinkgoed sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder 'n mediese sertifikaat het wat aantoon dat die leerder water gedurende die sessie moet gebruik, sal dit toegelaat word.
- Geen leerder word toegelaat om die toetslokaal tydens die sessie te verlaat nie.
- Maskers word ten alle tye gedra en mag onder geen omstandighede **afgehaal** word of **onder die neus gedra** word nie.

Daar sal **streng** by die toetsdatums en – tye gehou word. **Ouers word gevra om nie versoeke te rig om enige vraestel vroeër te skryf nie. Dit kan ongelukkig nie gebeur nie.**

Groete

E Gouws

E GOUWS: EKSAMENKOMMISSARIS

E Mans

E MANS: AKADEMIESE HOOF